# GRENDELTYD LES: Amazing Race deur Genesis

## 1. INSTRUKSIES VIR DIE LES:

- Hierdie les kan oor sewe aande gedoen word.
- Elke aand is daar 'n leidraad wat julle moet ontsyfer om die naam van die Bybel karakter te kry waaroor die aand gaan. Sit die volgende fisiese leidrade uit die verhaal by elke aand se leidrade neer om dit interessant te maak, indien julle dit het:

- **Adam en Eva**: 'n Rubber slang en 'n appel;
- **Noag**: 'n papier bootjie en speelgoed diere of prentjies van diere;
- **Abraham en Sarah**: 'n Baba pop,
- **Jakob**: 'n leer met prentjies van engele opgeplak,
- **Josef**: 'n bont rok, jas of stuk materiaal as julle het,
- **Toring van Babel**: iets wat julle opmekaar kan stapel om 'n toring te vorm.
- **Sodom en Gomora**: 'n bakkie met sout

## Amazing Race deur Genesis: Geheime kode alfabet

| © | Ơ | ◊ | ¥ | ≠ | ™ | Ω | % | ┴ | ☺ |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **A** | **B** | **C** | **D** | **E** | **F** | **G** | **H** | **I** | **J** |

| ♀ | ♥ | ♫ | ╬ | ♣ | † | ῷ | ☼ | ♯ | ↨ |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **K** | **L** | **M** | **N** | **O** | **P** | **Q** | **R** | **S** | **T** |

| ◙ | ▼ | ▬ | ɷ | ∑ | ∞ |
|---|---|---|---|---|---|
| **U** | **V** | **W** | **X** | **Y** | **Z** |

**LEIDRADE:**

1. © ¥ © ♫  ≠ ╬  ≠ ▼ ©  ................................
2. ╬ ♣ © Ω  ................................
3. ↨ ♣ ☼ ┴ ╬ Ω  ▼ © ╬  Ơ © Ơ ≠ ♥  ................................
4. © Ơ ☼ © % ♫  ≠ ╬  ♯ © ☼ ©  ................................
5. ♯ ♣ ¥ ♣ ♫  ≠ ╬  Ω ♣ ♫ ♣ ☼ ☼ ©
   ................................
6. ☺ © ♀ ♣ Ơ  ................................
7. ☺ ♣ ♯ ≠ ™  ................................

**Antwoorde:**


1. © ¥ © ♫ ≠ ╬ ≠ ▼ © **Adam en Eva**
2. ╬ ♣ © Ω **Noag**
3. ↨ ♣ ☼ ┴ ╬ Ω ▼ © ╬ ♂ © ♂ ≠ ♥ **Toring van Babel**
4. © ♂ ☼ © % ♫ ≠ ╬ ♯ © ☼ © **Abraham en Sara**
5. ♯ ♣ ¥ ♣ ♫ ≠ ╬ Ω ♣ ♫ ♣ ☼ ☼ © **Sodom en Gomorra**
6. ☺ © ♀ ♣ ♂ **Jakob**
7. ☺ ♣ ♯ ≠ ™ **Josef**

# Adam en Eva

1. Adam en Eva was die eerste_________________op aarde gewees.



Mense



Katte



Bome

2. Adam en Eva het in die tuin van **Eden/Sodom/Babel** gebly. **Gen 2:8**

3. Adam en Eva het nie na God geluister nie. Hulle het van die boom in die **middel/linkerkant/regterkant** van die tuin se **vrugte/groente** geëet waarvan God gesê hethulle nie mag eet nie. **Gen 3:1-7**

4. As deel van die straf vir wat hulle gedoen het, het God hulle _____________ uit die tuin van Eden uit gestuur. **Gen 3:23**

5. Adam en Eva se twee seuns was ________________ en ________________. **Gen 4:1-2**

**6.** Toe die twee boeties grootgeword het, het die een 'n _________________ geword en die ander een het 'n ________________ geword. **Gen 4:2**

7. _______________was die eerste misdaad in die Bybel gewees, want Kain het vir Abel ________________________ **Gen 4:8**

8. Hoekom het hierdie misdaad gebeur? **Gen 4:4-7**

9. Wat was die straf vir hierdie misdaad gewees? **Gen 4:11-12**

**Antwoorde: Adam en Eva**

1. Mense
2. Eden
3. Middel; vrugte;
4. Weg
5. Kain en Abel
6. Skaapherder en landbouer
7. Moord; doodgeslaan
8. Kain was kwaad en jaloers op sy broer gewees.

9. Die saad wat Kain saai sal nie opkom nie, hy sal moet vlug en van plek tot plek moet rondtrek.

# Noag

**Instruksies:** Lees die teksverse. Sê of die volgende waar of onwaar is. As die antwoord onwaar is, kyk of julle in die Bybelgedeelte die regte antwoord kan opspoor.

1. God het vir Noag gesê om ‘n ark te bou, want die mense op die aarde het baie sleg geword. Dit het God hartseer gemaak en hy wou ‘n einde maak aan die mense wat Hom so hartseer maak. (Gen 6:11-13)

2. God het vir Noag en sy familie veilig gehou omdat Noag al baie oud was. (Gen 6:9)

3. Noag moes twee van elke dier in die ark invat. (Gen 7:2)

4. Dit het 80 dae lank gereën. (Gen 7:4)

5. Noag was 100 jaar oud toe dit begin reën het. (Gen 7:6)

6. Die water was tot by die huise se dakke gewees. (Gen 7:20)

7. Noag het geweet dat die water op die aarde opgedroog het, want hy’t ‘n duif uitgestuur, en die duif het nie teruggekom nie. (Gen 8:10-12)

8. God het vir Noag ‘n reënboog as teken gegee dat Hy nooit weer vloedwaters sal stuur wat alles wat leef sal uitroei nie. (Gen 9:11-17)

**Antwoorde – Noag**

**1.** Waar
**2.** Onwaar – Noag was ‘n goeie man wat naby aan God geleef het en na God geluister het/regverdig
**3.** Onwaar – van die rein diere 7 pare van elk, van die onrein diere 1 paar van elk
**4.** Onwaar – 40 dae en 40 nagte
**5.** Onwaar – hy was 600 jaar oud gewees
**6.** Onwaar – amper 7 meter bokant die berge
**7.** Waar
**8.** Waar

# Toring van Babel


1. Hoeveel tale was daar op die aarde? (Gen 11:1)

1 25 50

2. Tot waar wou hulle hê moes die toring raak? (Gen 11:4)



Hemel



Wolke Planete

3. Hoekom het die mense die Toring gebou? (Gen 11:4)

- Sodat hulle nie regoor die aarde moes gaan bly nie;
- of oor hulle te veel bakstene gehad het en besluit het om maar iets te bou.

4. Het God van hulle idee gehou? (Gen 11:5-7)




JA

5. Hoe het God hulle gekeer om die toring te bou? (Gen 11:7)

- Hy het ‘n aardbewing gestuur;
- Hy het die mense deurmekaar gemaak deur hulle verskillende tale te laat praat sodat hulle mekaar nie kon verstaan nie.

# Toring van Babel


**Antwoorde**:


1. 1
2. Hemel
3. Sodat hulle nie regoor die aarde moes gaan bly nie.
4. Nee
5. Hy het die mense deurmekaar gemaak deur hulle verskillende tale te laat praat sodat hulle mekaar nie kon verstaan nie.

# Abraham en Sara

Lees die teksvers en vragie en plak die prentjie wat die antwoord is in die blokkie.

| | |
|---|---|
| Wie  was 100 jaar oud toe hy pa geword het? **Gen 17:17** | Wie was 90 jaar oud toe sy ma geword het vir die eerste maal? **Gen 17:17** |
| Wie het vir Abraham gesê hy gaan ‘n kind hê? **Gen 17:19** | Was die kind ‘n seun of ‘n meisie? **Gen 17:19** |
| Wat was die kind se naam? **Gen 17:19** | Wat het Sara gedoen toe sy hoor sy gaan ‘n kind hê? **Gen 18:13** |
| God het gesê Abraham se nageslag (kleinkinders, agterkleinkinders, ens.) sal so baie wees soos die...**Gen 22:17** | God het gesê Abraham se nageslag (kleinkinders, agterkleinkinders, ens.) sal so baie wees soos die...**Gen 22:17** |















# Isak

Abraham en sara **Antwoorde:**

1. **Abraham**
2. **Sara**
3. **God**
4. **Seun**
5. **Isak**
6. **Gelag**
7. **Sterre in die hemel**
8. **Sand wat aan die seestrand is**

# Sodom en Gomorra

**Aktiwiteit:** Gee vir elkeen ‘n lang stuk vislyn of dun tou wat hulle moet knoop en verstrengel.

Wanneer dit lyk asof dit goed verstrengel is, laat elkeeen probeer om hulle tou/lyn nou weer mooi te kry sonder knope, want jy wil die tou/lyn later gebruik.

**Vra:** Hoe lank dink julle sal dit vat vir julle om die tou/lyn weer reg te kry? Dink julle dit sal net beter vir my wees om nuwe tou/lyn te koop?

Daar was twee stede in die Bybel wie se mense aanhou sonde doen het. Hulle was omtrent net so in die sonde vasgeknoop en gekoek soos hierdie tou/lyn. So vasgeknoop dat hulle nie eens wou luister as mense met hulle oor God wou praat en dat hulle sonde doen nie. Raai wat was hierdie stede se name? Sodom en Gomorra.

**Somdom word verwoes – Genesis 19:1-29**

Nadat die engele met Abraham gepraat het, het hulle verder gegaan na Sodom toe waar hulle vir Lot, ‘n familielid van Abraham, in die stadspoort kry sit. Hy nooi hulle toe om by hom te kom eet.

“Jy moet jou familie uit hierdie stad uit wegkry,” het die engele Lot gewaarsku.

“Ons gaan die stad en almal daarin uitwis omdat hulle so sondig is. Jy moet gou maak!” Lot het toe met die mans wat met sy twee dogters wou trou, gaan praat, maar hulle het gedink hy speel en wou nie weggaan uit Sodom nie. “Vat dan jou vrou en dogters en kom weg,” het die engele gesê.

Lot het nog nie verstaan dat hulle moet gou maak nie, toe vat die engele hulle aan die hand en lei hulle uit die stad uit.

“Hardloop nou!” het hulle gesê. “Hardloop tot by die berge en moenie omkyk nie.”

“Asseblief, moenie ons na die berge toe stuur nie,” het Lot gevra. “Laat ons asseblief in die dorpie Soar gaan bly.” Die engele het dit toe toegelaat en Lot en sy familie het teen sonop in Soar aangekom. Toe stuur God swael en vuur om Sodom en Gomorra uit te wis oor die sonde van die mense.

Lot se vrou was ongehoorsaam aan God, en het omgekyk terwyl sy vlug. Toe verander sy in ‘n soutpilaar.

Maar God het vir Lot veilig bewaar.

Verhaal geneem uit:Gunsteling Bybelverhale vir kinders, bl34-35, V. Gilbert Beers en Ronald A. Beers

# Jakob

**Aktiwiteit:** Afhangende van die grootte van julle gesin mag julle dalk in twee groepe wil verdeel vir hierdie aktiwiteit**.** Gee vir elke groep 'n gelyke aantal roomysstokkies/tandestokkies en kyk watter groep kan in 'n minuut se tyd die langste leer op die vloer bou met die stokkies.

## Jakob se droom – Genesis 28

Jakob is Isak en Rebekka se seun. Maar hy kan nie meer by sy pa en ma bly nie. Hy het vir Isak, sy pa, gejok en sy broer, Esau, verkul. Nou is Esau baie kwaad vir hom, só kwaad dat hy vir Jakob wil doodmaak. Toe vlug Jakob. Hy moet ver weggaan, anders kry Esau hom dalk.
Jakob stap en stap. Dit word donker en Jakob is baie moeg. Hy gaan lê met sy kop op 'n klip en dink: Ek is heeltemal alleen hier in die veld. Maar hy is nie. God is by hom. En die Here wil met hom praat.

Jakob raak aan die slaap. Hy droom. Dit is 'n pragtige droom. Hy sien 'n lang leer, só lank dat dit aan die hemel raak. En op die leer is daar engele. Hulle klim op en af op die leer.
Jakob kyk...En wat sien hy? Bo-aan die leer staan God. Hy praat met Jakob: "Jakob, Ek is die Here, die God van Abraham en Isak. Ek sal jou altyd beskerm. Ek gaan oral saam met jou. Jy sal eendag baie kinders hê, en Ek gaan jou kinders en familie gebruik om iets wonderliks te doen."

Jakob is baie bly. En lank daarna het dit so gebeur. God doen altyd wat Hy sê. Jakob het 'n ou man geword, maar God was altyd by hom. God het hom geseën. Later het die Here Jakob se naam verander na Israel.

Sy familie was groot: Hy het twaalf seuns gehad. Hulle is later die volk van Israel genoem.

Verhaal geneem uit:Ons eie kleuterbybel, bl22-23, Juliana Nothnagel, Johann Strauss

# JOSEF

**Aktiwiteit:** Kleur die prentjie van Josef met sy jas in.

## Josef word verkoop - Genesis 37

Josef is een van Jakob se twaalf seuns. Jakob is liewer vir Josef as vir sy ander seuns. Dit maak Josef se broers kwaad. Hulle hou niks van hom nie.

Eendag kom Josef by hulle aan met ‘n pragtige nuwe jas. “Kyk wat het Pa vir my gegee,” sê hy. Maar dis nie al nie. Josef vertel ook vir sy broers van sy drome. Hy droom sy broers buig voor hom. Net soos ‘n mens voor ‘n koning sou buig.

Toe is die broers éérs kwaad. Hulle sê: “Kom ons maak Josef dood!” Maar twee broers kry Josef jammer. Hulle sê dat die ander broers nie vir Josef moet doodmaak nie, maar eerder in ‘n put moet gooi. ‘n Put is ‘n diep gat in die grond. Hulle gooi toe vir Josef in die put. Die een broer kry hom jammer en dink: As die ander loop, sal ek Josef gaan uithaal. Maar voor hy dit kan doen, kom daar vreemde mans by hulle aan. Dié mans is oppad na ‘n ver land. Hulle gaan Egipte toe.

Die broers het Josef verkoop aan die mans. Hulle vertel nie vir Jakob wat hulle gedoen het nie. Hulle sê ‘n wilde dier het Josef doodgemaak.

Josef is in Egipte aan ‘n belangrike man verkoop. Later het Josef ook ‘n baie belangrike man in Egipte geraak.

Verhaal geneem uit:Ons eie kleuterbybel, bl24-25, Juliana Nothnagel, Johann Strauss

